CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P U vir C H O
JAARGANG XXXIII | NOMMER 12 | 18 AUGUSTUS 1978

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# DRIE DAMES VERRAS



*Ons drie puik dames: Anne-Marie Jacobs, Magdel vd Walt, Leenster Pasch.*

deur Mariëtte van der Walt

**Drie dames van die PU het vanjaar geskiedenis gemaak deur hulle verkiesing tot studenteraadslede. Hulle het elkeen daarin geslaag om die manlike kandidate teen wie hulle gestaan het, op eie meriete uit te stof. Hierdie sonderlinge prestasie weerspieël 'n veranderde, en tot dusver dikwels ongekende, houding teenoor die rol van die vrou in die samelewing.**

Hulle is goed toegerus om op verskillende gebiede mee te doen aan die vervulling van die gemeenskaplike taak van die SSR-lede. Mej. Anne-Marie Jacobs is 'n derdejaar-kommunikasiekunde student wat heel veelsydigheid in die uiteenlopende verenigings waarop sy gedien het, uitgebeeld het. Mej. Leenster Pasch is ook 'n derdejaarstudent met Spraak en Vertolkingskunde en Afrikaans-Nederlands as hoofvakke. Sy was ook vanjaar die voorsitster van Aster. Mej. Magdel van der Walt het reeds haar B.A.-graad voltooi en is nou besig met 'n onderwysdiploma. Sy was vanjaar die primaria van Klawerhof.

Mnr. Theuns Eloff het vanjaar se verkiesingsuitslae soveel te meer opspraakwekkend gemaak deur die feit dat hy reeds vir die derde agtereenvolgende jaar tot studenteraadsvoorsitter verkies is, en dit in dieselfde jaar as wat hy tot president van die ASB-hoofbestuur verkies is.

Die pos vir adjunk-voorsitter is vanjaar vir die eerste keer geskep. Mnr. Jan Louis du Plooy, eerste adjunkvoorsitter, bepleit meer dialoog tussen die studente as massa en die SSR, en stel hom dit ten doel om probleme wat voorheen weens misverstande ontstaan het, op hierdie manier uit te skakel.

Mnr. Eloff is verheug oor die relatief hoë stempersentasie van sestig persent, aangesien dit bewys dat die massa nog belangstel in studente aangeleenthede ten spyte van die onderlinge woelinge wat op die kampus bestaan het gedurende die afgelope ampstermyn. Hy hoop dan ook dat die Pukmassa sal besef dat hulle 'n verantwoordelikheid ten opsigte van opbouende kritiek op die SSR het.

Hy stel dit duidelik dat sy presidentskap by die ASB ondergeskik is aan sy rol op die SSR van PUK. Mnr. Eloff beskou die teenwoordigheid van drie dames op die raad as 'n navolgenswaardige voorbeeld vir al die dames. Hy is van mening dat die SSR gebalanseerd daar uitsien wat die vakrigtings van die lede betref: sewe tokkelokke, verskeie regstudente, heelwat studente van Lettere en Wysbegeerte, en so meer.

Mnr. Eloff het 'n dringende beroep op alle Pukke gedoen om die Intervarsity teen Kovsies met oorgawe te ondersteun. Die Vrystaters se tande is geslyp vir ons, daarom sal net 'n massapoging oorwinning inhou. Die deelnemers van al die verskillende sportsoorte het die steun van 'n lojale massa nodig.

# PU VOOR KRUISPAD

**Die draers van die goue kandelare se rugby-trots is in die modder vertrap. 'n Goeie oorwinning oor die bulspan van die Kovsies is nodig om die wysvinger van die kritici weg te wys.**

Geen ander span kan spog dat hy met meer terugslae die afgelope jaar te doen gehad het as juis die Pukke nie. Dit gaan egter nie help om daaroor 'n traan te stort nie.

Intervarsity bly steeds onvoorspelbaar. Juis daarom kan 'n goed gemotiveerde PU-span met die allesoorheersende wil om te wen die knoop deurhaak. In die agterkop van elke speler sal die onlangse nederlaag teen RAU vassteek.

Kovsies beskik oor talle troefkaarte in De Wet Ras, Eben Jansen, Edrich Krantz, Pikkie du Toit, Martiens le Roux, Jan Schlebusch en Jan Wiese. Veral De Wet Ras, wat hierdie jaar al wat rekord is stukkend skop, hou groot gevaar vir die Pukke in.

Aan die kredietkant beskik die besoekers oor Jannie Tiedt wat met elke wedstryd vir Wes-Transvaal slegs lof uitgelok het van die Randse sportskrywers. Daantjie Weitz word beskou as een van die belowendste, jong vleuels die afgelope seisoen. Sy vaart en dodelike verdediging sal die res van die agterspelers inspireer. Onder die voorhoede sal André Markgraaf, Vlame Nieuwenhuidsen en die ander ses voorspelers sorg dat die agterlyn genoeg balle kry om mee te hardloop.

Wouter Hugo se sterbelaaide span kan weer eens verras word en met stroewe gesigte van die veld afstap.

Elgro Hotel
WOLMARANSSTRAAT TEL. 5304
Pukke kom sleep hierdie jaar weer by ons Dameskroeg

KONTIKI STEAKHOUSE
TEL. 5304
Gewildste vergaderplek vir studente in Potchefstroom

ELGRO BUITEVERKOPE
LOMBARDSTRAAT TEL 5122
Skakel vir gratis aflewering of maak gebruik van ons inrydiens.



*Bekommernis en selfvertroue by die Groot Sweet.*

# *Verhoging van Koshuisgelde*

**Nog geen finaliteit is bereik of die koshuisgelde verhoog gaan word, al dan nie.**

In 'n onderhoud met "Die Wapad" het mnr. Fick van koshuisadministrasie gesê: "dit is onwaar dat losiesgelde aanstaande jaar met R200 verhoog sal word. Dat daar 'n verhoging sal volg is moontlik, gesien in die lig van prysverhogings van voorrade, sowel as arbeid en verkoopbelasting moet ook ingereken word."

Sekerheid sal bereik word op die Raadsvergadering van 20 September 1978. Die Senaat mag dalk besluit om ten spyte van alles nie die gelde te verhoog nie.

# WORRAL KYK NA TOEKOMS

**Dr. Dennis Worral sê dat daar 'n dramatiese versnelling in sowel beklemtoning as implementering van regeringsbeleid moet kom.**

Dr. Worrel het Maandagaand 14 Augustus voor 'n klein gehoor oor die toekoms van Suid-Afrika gepraat. Hy stel drie moontlikhede voor vir die toekoms van Suid-Afrika. Sy eerste moontlikheid is 'n oordraging van die mag vanaf die Blanke na Swarte. Die rassevraagstuk sal met versigtigheid hanteer moet word, aangesien ons ons kritici nodig het. Net die VSA kan optree teen die Sowjet Unie.

'n Tweede moontlikheid vir die toekoms is dié van algehele strategie. Dr. Worral het gesê ons moet die aanslag herken en onsself weerbaar maak aangesien die aanslag nie net uit een rigting kom nie. Ongelukkig kan dit slegs met bloedvergieting en trane verkry word.

Dr. Worral se eie keuse vir die toekoms behels uitdaging en reaksie daarop. Ons reaksie sal histories moet wees. Hy het Suid-Afrika vergelyk met Massada waar die Jode omsingel was met die doel om hulle uit te honger – wat toe nie geslaag het nie, aangesien die Jode met geduld en veral geloof beman was. Ons het die leiers en die media om te oorwin.

Op 'n vraag of die Nasionale Party entoesiasties is omtrent die nuwe konstitusionele bedeling het dr. Worral gesê dit sal tyd neem met die voorbereidings daarvan. Hy verwag dat wetgewing in die verband met die volgende Parlementêre sitting ingedien sal word.



*Sen. Dennis Worrel.*

# ASB OOR GRONDWET

**Prof. Marinus Wiechers van Unisa se ernstigste beswaar teen die grondwetlike veranderinge in SA is dat daar glad nie aangedui word waar die huidige parlement se soewereiniteit in die toekoms sal setel nie.**

Hy het sy vernaamste besware teen die voorstelle op die ASB-kongres (Bloemfontein) geopper. Hy het gevra of ons dit kan bekostig om parlementêre soewereiniteit te verander sonder om te weet hoe die staatkundige toekoms van ons Swart volke daar gaan uitsien en of die huidige parlement met sy wetgewende oppergesag en sterk regering nie juis behou moet word vir toekomstige staatkundige hervormings nie.

In hierdie voorstelle vind ons slegs beginpunt tot besinning en debat op grond van die volgende positiewe grondwaardes:

- die besef dat vir die eerste keer sedert Uniewording daar na die staatkundige grondslae gekyk word;
- die besef dat die Westminster-regeringstelsel nie aan ons eise voldoen nie;
- die besef dat 'n nuwe staatkundige bestel nie sonder die medewerking van aanvaarding van ons ander groepsgenote in ons gemeenskaplike vaderland tot stand gebring kan word nie;
- die besef dat vir 'n toekomstige stabiele regeringstelsel die verteenwoordigingstelsel opgelos moet word;
- die besef dat ons in ons vaderland, ten spyte van bevolkingsverskille menige gemeenskaplike belange het;
- die besef dat regeringsleiers 'n saamstempunt moet hê en dat om konsensus te bereik daar politieke eenheids- en beleidstrewe moet wees;
- die besef dat vraagstukke politiek ontspan moet word en dat politieke dètente verkry moet word.

Hy bepleit 'n Verklaring van Voorneme om aan die hand daarvan gesamentlike grondwetlike veranderinge vir die toekoms uit te werk en aan die hand waarvan praktiese voorstelle getoets kan word. Hy stel die volgende beginselpunte voor:

- die erkenning van 'n algemene lotsgebondenheid in 'n gemeenskaplike vaderland;
- die verwerping van inmenging van buite en die onvoorwaardelike bestryding van die kommunistiese gevaar;
- die behoud van westerse tradisies en vryheidswaardes in die godsdienstige, ekonomiese sowel as in die maatskaplike lewe;
- die bevordering van die algemene welvaart op 'n grondslag van menswaardigheid, geregtigheid en nie-diskriminasie;
- die behoud van identiteit, beskerming van groepe en minderhede en die uitbouing van kultuur en die volkseie.

Van die probleme wat prof. Wiechers voorsien, is:

- die moontlikheid van vier verskillende soorte wetgewing en die gevolglike probleem van die mindere of meerdere regskrag daarvan;
- gaan plurale betrekkinge 'n "eie" saak van die Blanke parlement wees of van al drie parlemente?;
- duplikasie van uiters duur administrasies wat boonop konflikgerig is;
- kom konsensus in die Raad van Kabinette te kry;
- magsentralisasie: uitvoerende en wetgewende gesag in één persoon;
- uitspraak deur die howe met botsings van wette;

Vir prof. Wiechers is veranderinge in ons staatkundige bestel 'n dringende prioriteit; nie slegs om oorlewing en selfbehoud maar ook om die basiese eis van geregtigheid en naasteliefde na te kom en om 'n staatkundige bestel vir die toekoms op te rig.

# *Suzman som NP-bewind op*

**Mev. Helen Suzman het gesê dat die verandering wat in Suid-Afrika op sportgebied plaasgevind het, deur die Suid Afrikaanse Blanke-publiek van baie groter waarde geskat word as deur mense van oorsee.**

Mev. Suzman het Donderdag 2 Augustus in die Totiussaal oor die Dertigjarige bewind van die Nasionale Party gepraat, wat sy in drie tydvakke verdeel het. Die toespraak was 'n opsomming van die bewindstydperk met 'n verheldering van die foute wat gemaak is.

Sy het gesê dat die grondslag vir apartheid tussen 1948 en 1958 gelê is. Dit is gedoen deur die instelling van die 1950-registrasie wet, die Bantoe-opvoedingswet, die werkreserveringswet, die ontugwet en die verbod op gemengde huwelike. Ook die ander wat skeiding in poskantore en ander openbare plekke tussen Swart en Wit ingestel het.

Mev. Suzman het gesê dat die verbanning van die A.N.C. en ander organisasies na die Sharpville voorval, het gelei het tot hulle ondergrondse verdwyning.

Sy het gesê dat die Wet op terrorisme, die onderdrukkingswet en die Binnelandse veiligheidswet van 1967, die oorsaak was van mnr. Steve Biko en dertig ander se dood, terwyl in aanhouding. Sy het daarop gewys dat die Verenigde Party, die party waaruit haar Progressiewe Party afgestig het, vir baie van hierdie wette gestem het. Dit is volgens haar wette wat nie in 'n demokratiese land tuishoort nie.

Mev. Suzman het gesê dat Apartheidswetgewing aanvaar is sonder die raadpleging van hulle op wie dit van toepassing is. Dit het veroorsaak dat Swart nasionalisme gegroei het van vredeliewendheid tot aggressiwiteit.

Die laaste tien jaar was gekenmerk deur politieke segregasie. Die vier Kleurling verteenwoordigers is uit die Parlement en die Verteenwoordigende Kleurling Raad is gestig met beperkte mag.

Van die Tuislandbeleid het sy gesê dat die baie geld ter ontwikkeling van die tuislande 'n intelligente ding is, want nou bestaan daar 'n hoop om vriendskapsbande met hulle te behou.

Op 'n vraag waaraan die Nasionale Party sy sukses vir dertig jaar kan toeskryf, het sy gesê dat die N.P. die Afrikaanssprekende publiek aan sy kant het en omdat die N.P. op die vresegevoel van die witman speel deur interne veiligheid te belowe.

Vir 'n oplossing van die Suid-Afrikaanse toestand het sy die opstel van 'n "Bill of Rights" voorgestel wat die onderdrukking van die meerderheidsgroepe deur die minderheidsgroepe sal voorkom.


## PRO REGE

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

"die Potchefstroomse boekhandel"

**Tomstraat 86 Potchefstroom**
**TEL. 8875**




# VOLK SPEEL OP T.O.

**"Hoe ver is dit nog?"**


**"Net oor hierdie brug en om daardie draai . . " En meteens staan die bordjie daar – T.O. STRAND. Weg is die vaak, terug die opgewondenheid, want die einde van ure se slaap en wakkerword, lomerigheid en starende oë is verby; ons het ons bestemming bereik!**

**Twaalf ywerige studente slaan 'n rukkie later karavaan en tente op – en meteens is daar lewe in die karavaanpark. Ure van studentepret volg; "volleyball" speel op die strand, saamsing om 'n braaivleisvuur, wandelings in die maanlig op die strand . . en tevergeefse wag op die byt van die GROTE . . !**

**Kom val in by die Volkspelers en deel in vreugde wat jou studentwees aan die PUK betekenisvol sal maak! Elke Woensdagaand sal jul ons hoor sing en speel, kom loer gerus in. Ons glo aan die spreekwoord: hoe meer siele, hoe meer vreugde!**

*Vir die eerste 7 studente op Vrydag 18 Aug.*
*Vir die eerste 8 studente op Saterdag 19 Aug.*
*Vir die eerste 6 studente op Maandag 21 Aug.*

**SLEGS 2 ITEMS PER PERSOON EN TERWYL VOORRAAD HOU.**



FM MOTOR RADIO **R39.95**
GRATIS LUIDSPREKER, ATENNA EN GRATIS INSTALLASIE.


FM MOTOR RADIO MET STEREO 4 BAAN BANDSPELER KOMBINASIE
**R99**
12 MAANDE WAARBORG. GRATIS INSTALLASIE.

PIONEER MODEL KP 4000 STEREO MOTORRADIO/4 BAND KOMBINASIE
**R179,**
GRATIS INSTALLASIE.


'ROADSTAR' MOTORRADIO LUIDSPREKERS "DUAL CONE 30 WATT
**R29,95** PER STEL
MET GRATIS "WYNN'S CHARGE" VIR U MOTOR.

C60 KASETTE. 10 VIR **R9.95** MET GRATIS KASETTETAS.


**HAARDROEËRS - 2 SPOED. MET GRATIS CHROOM LISENSIEHOUER EN SLEUTELHOUER VIR U MOTOR.**



Elektroniese Rekenaars **R10,95** met meeste funksies, gratis Parker Rolpuntpen.




FM Draagbare Radio **R39,95** met gratis Skaapvelsitplek vir u motor.



Sanyo Elektronic Digital Clock Radio **R49,95** met gratis Rekenaar.






PHILLIPS 48CM KLEUR TELEVISIESTEL **R599** MET GRATIS TV-STAANDER.

Pioneer Draagbare TV-stel **R169,95** met gratis Elektroniese mans of dames horlosie.








Volle Outomatiese Wasmasjien met Tuimeldroeër. Al twee vir **R599,** met gratis 4-stuk Sitkamerstel.

**TELADY**
**,,HYPER STORE''**

**7 Gouwsstraat**
**POTCHEFSTROOM.**
**Tel. 5851**

die WAPAD




# BEWYS PU-GEES MET INTERVARSITY

**Hierdie intervarsity bied weer 'n geleentheid aan die Pukke om hulleself te bewys - veral na die lelike loesing wat die Raukies ons nie te lank gelede gegee het nie; maar nie net te bewys op die rugbyveld nie, nie net op sportgebied nie, maar veral met betrekking tot die gees van die Pukke. Dis een van die kenmerkende eienskappe van die Pukke - waarop ons so maklik roem. Tog moet 'n mens eerlik wees al is dit soms nie so maklik nie. 'n Mens wonder soms of die PU se unieke gees nog so uniek is, en of dit nie ook maar soos by sommige ander universiteite besig is om uit te sterf nie. Reg-ruk! Neem Bloemfontein en die Kovsies oor! Bewys dat die PU nog sy unieke gees het!**

# GESKIEDENIS-VERKIESING

**Drie maal drieduisend duiwels. So kan daar gepraat word van die nuwe SSR. Ná 'n aanvanklike onverskilligheid onder die Pukmassa (gemeet aan die bywoning van die Groot Sweet) is daar nogtans geslaag om 'n redelike hoë stempersentasie te handhaaf. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die PU het drie dames die strawwe pyp van die SSR-verkiesing kon rook. Baie geluk en terkte aan hulle.**

**Die feit dat Theuns Eloff vir die derde agtereenvolgende jaar as voorsitter van die SSR gestaan het, het baie wenkbroue laat lig. Die uitslag het egter bewys dat hy die mandaat het om sonder enige twyfel as leier van die Puk-studente kan optree.**

**Die Wapad wil dan by die geleentheid 'n woord van gelukwensing spreek en die nuwe SSR sterkte toewens met die komende termyn. Terselfdertyd wil die redaksie die ou SSR sterkte toewens met wat hulle in die toekoms mag aanpak.**

# DANKIE

**Dit is met heimweë wat 'n mens altyd terugkyk na 'n termyn vol opwinding en harde werk. Hierdie is die laaste Wapad van die huidige redaksie. Sonder die samewerking van al die Pukke kon die termyn nie so suksesvol wees nie. Baie dankie daarvoor.**

## *Uit die Woord*

# Soekers na 'n Brood-en-Botter Messias

**Johannes 6:26:** Jesus antwoord hulle en sê: „Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het."

Nadat ons Here Jesus sowat 5 000 mans (die vrouens en kinders is nie ingereken nie) daar aan die voet van 'n berg by die see van Galiléa gespysig het, wou die gevoelens by die Jode hand-uit ruk.

Deur hierdie wonderteken het hulle gedink dat Hy die langverwagte Messias was wat sy volk weer sou bevry soos Dawid van ouds. Daarom wou hulle Hom koning maak.

Só entoesiasties was die Jode oor Jesus, dat hulle Hom die volgende dag gaan soek het - in die hoop om nog meer wondertekens te sien. En boonop, 'n man wat sulke dinge kon doen, sal mos vir hulle 'n hemel op aarde kon gee . . !

Vanuit Joh. 6:26 is dit duidelikd at Jesus die Jode verwyt omdat hulle Hom uit verkeerde motiewe gesoek het. Die aangename gevoel van 'n versadigde maag het hulle aangevuur vir die soektog.

Ten spyte van die mooi uiterlike van hulle soektog, was dit tóg vals. Hulle het Jesus gesoek vir gratis brood en eiebelang: Hulle het 'n brood-en-botter-Messias gesoek.

Wat moes dan die eintlike aansporing vir hulle soektog gewees het?

Hulle moes die teken **binne** hierdie broodwonder van ons Here Jesus gesien het. Jesus doen geen wonder sonder doel nie - dit dra altyd 'n boodskap.

Nadat die soektog van die Jode beëindig is, preek Jesus in die sinagoge te Kapernaüm en sê vir hulle: „Ek is die brood van die lewe" (vers 35). Soos wat Jesus die brood daar aan die voet van die berg uitgedeel het, só gee God die Vader sy Seun as „die brood van die lewe".

Jesus is God se lewende brood wat Self ewiglik lewe. Hy is die brood **vir** die lewe en **tot** die lewe. Hy is die brood wat lewe skenk - onverganklike lewe - die ewige lewe. Daárom is Hy die brood van die lewe, want deúr Hom iś daar lewe.

Hiervoor moes die Jode Hom soek. Nie in die eerste plek vir wat Hy uiterlik gee nie, maar vir wat Hy is: Christus, die Seun van God, deur wie se Naam daar ewige lewe is (Joh. 20:31).

Gedurende hierdie komende eksamentyd gaan daar baie soekers na die Here wees - miskien meer as gewoonlik. Daar gaan baie gebede opklink in die eksamen vir bystand, lig en leiding deur die Heilige Gees. Dit is goed en reg. Ons moet hierom bid.

Maar mag die verwyt van ons Here Jesus aan die Jode nie ook voor ońs deur gelê word nie.

Laat ons Hom **altyd** soek - nie net wanneer ons dit benoud het nie. Laat ons Hom altyd in die eerste plek soek vir wat Hy is: Ons Middelaar - deur wie ons kan bid: „Ons Vader wat in die hemel is . . ." - en die ander dinge sal Hy vir ons byvoeg.



# Redaksie

**Hoofredakteur:** Frikkie Odendaal; Van Rooystr. 45
**Assistent-Hoofredakteur:** Jan Kroeze; Klooster 3468/ 22151/ 22246
**Verspreidingshulp:** Louis van der Linde; Hennie Jacobs
**Redakteur Rade en Inter-Universitêr:** Kierie du Rand; Uniehuis 22154 Piet Gouws, Luzette Botha, Jan Henning, Melanie Hornabrook.
**Nuusredakteur:** Jaco Pretorius; Bus 20310 Noordburg. Thomas Kruger, Mariëtte van der Walt
**Redakteur Manskoshuise:** Lourens du Plessis; Caput 22371/3375/3376
**Redaktrise Dameskoshuise:** Diana Roestorf; Vergeet-my-nie 5211/5212
**Sportredakteur:** Nico van der Westhuizen; Hombrè 7996/ 23915 Antoon Rheeders
**Sportredaktrise:** Lollo Claasen Dorp 6017; Mariaan Slot; Alta de Korte
**Damesbladredaktrise:** Leenster Pasch; Klawerhof 22037/ 22119/ 22163 Anne-Marie Jacobs
**Kunsredaktrise:** Millie d'Assonville; Dorp 6574; Andrê Howard
**Tegniese Redakteur:** Reneé Purén, Marietjie Eloff.
**Redakteur Vaaldriehoek:** Koos Pretorius.
**Fotoredakteur:** Jaco Pretorius, Bus 20310 Noordburg.
**Fotograwe:** Frik Schoeman, Paul Slot.
**Sekretaresse:** Marlian Kritzinger; Vergeet-my-nie 5211/5212
**Penningmeester:** Paul Slot; Dorp Amajuba 23429
**Spotprente:** Mynderd Vosloo; Caput 22371/3375/3376; Annelie Willemse
**Advertensiebestuurder:** Buks Steenkamp; Liberalia 22129

# INTERVARSITY PROGRAM

**Vrydag - 18 Augustus 1978**

1. **Etenstye**
   Middagete vanaf 12h00. Slegs PUK deelnemers - Eet saam met koshuise waar julle ingedeel is. Aandete vanaf 18h00.
2. Alle deelnemers meld by die Kafeteria (UOVS) aan 'n uur voor jou kompetisie.
3. **Bus vertrektye**

**Vrydag 18 Augustus 13h15** - Vanaf Oosterhof.
Dit is slegs vir deelnemers aan die Vrydagaand sportsoorte.
**Saterdag 19 Augustus 04h00** - Vanaf Oosterhof.
Slegs vir deelnemers aan die Saterdag sportsoorte.

4. **Binnenshuise Sportsoorte**

| | | |
|---|---|---|
| 16h00 | Valskerm | -Weermag Lughawe |
| | Trapkar | -UV - Kampus |
| 17h00 | Aankoms Vrydagaand Sportsoorte (Meld aan by Kafeteria) | |
| 18h30 | Gimnastiek | -Callie Humansaal (Beoordelaars meld reeds 18h00 aan) |
| 19h00 | Skerm | -Studentesentrum (Grootsaal op verhoog) |
| 19h00 | Skerm | -Skaaklokaal - Kelderverdieping Callie Humansaal |
| | Pluimbal | -Studentesentrum (Grootsaal) |
| | Muurbal | -Studentesentrum |
| | Tafeltennis | -Studentesentrum (Grootsaal) Agterste deel |
| | Biblioteekvasvra | -Ouditorium - Studentesentrum |
| 19h30 | Dameshokkie | -PU II vs UV II - Ramblers |
| 20h00 | Judo | -Callie Humansaal - Judosaal<br>Inweeg 17h30 - 18h30 - Kelderverdieping |
| | Skynhof | -Ouditorium - Studentesentrum |
| 19h45 | Dameshokkie | -PU I vs UV I - Ramblers |
| 20h30 | Karate | -Kelderverdieping - Callie Humansaal |
| 21h00 | Stoei | -Callie Humansaal - Stoeilokaal<br>Inweeg 17h30 - 18h30 Kelderverdieping |

**Saterdag - 19 Augustus 1978**

1. **Etenstye**
   Ontbyt - vanaf 06h30 - Slegs PUK deelnemers - Eet by koshuise waar hulle ingedeel is.
   Middagete - vanaf 12h00

| | | |
|---|---|---|
| 08h00 | Valskerm voortsetting | -Weermag Lughawe |
| | Gholf | -Bloemfontein Gholfklub (Meld om 07h30 aan by Kafeteria) |
| | Kano | -Kafferrivierdam (Meld om 07h30 aan by Kafeteria) |
| 08h15 | Tennis | -Nuwe tennisbane |
| 08h30 | Scubaduik | -Raytondam (Meld 08h00 aan by Kafeteria) |
| | Muurbal voortsetting | -Studentesentrum |

**NETBAL**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 08h30 | Heide | vs V/d Merwe | - Nuwe Tennisbaan I |
| 09h05 | PU o/20 A | vs UV III | - Nuwe Tennisbaan I |
| 09h45 | PU II | vs UV II | - Nuwe Tennisbaan I |
| 10h35 | PU I | vs UV I | - Nuwe Tennisbaan I |
| 08h30 | Karlien | vs Soetdorings | - Nuwe Tennisbaan 2 |
| 09h05 | PU o/20 B | vs UV IV | - Nuwe Tennisbaan 2 |
| 08h30 | Vergeet-my-nie | vs Hobhouse | - A - veld |
| 09h05 | Klawerhof | vs Vergeet-my-nie (UV) | - A - veld |
| 08h30 | Kulu | vs Wag-'n-bietjie (UV) | - B - veld |
| 09h05 | Kasteel | vs Roosmaryn | - B - veld |
| 08h30 | Wanda | vs Idahlia | - C - veld |
| 09h05 | Dorp | vs Madelief | - C - veld |
| 08h30 | Vergeet-my-nie | vs Akasia | - D - veld |
| 09h05 | Oosterhof | vs Steyn | - D - veld |

**HOKKIE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 09h00 | Vergeet-my-nie | vs Stad | A - veld (gras) |
| 10h00 | PU o/20 B | vs Idahlia | A - veld |
| 11h00 | PU 0/20 A | vs Akasia | A - veld |
| 08h40 | PU I (Mans) | vs UV I (Mans) | B - veld (gras) |
| 10h00 | Wag-'n-bietjie (PU) | vs Wag-'n-bietjie (UV) | B - veld |
| 11h00 | Heide | vs V/d Merwe | B - veld |
| 09h00 | Klawerhof | vs Soetdorings | C - veld (grond) |
| 10h00 | Karlien | vs Welwitchia | C - veld |
| 11h00 | Wanda | vs Universitas | C - veld |
| 09h00 | Dorp | vs Kestell | D - veld (grond) |
| 10h00 | Kulu | vs Steyn | D - veld |

**RUGBY**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 08h20 | Klooster I | vs Hertzog | UV A (Suid van C Humansaal) |
| 09h30 | Caput I | vs Stad I | UV A - veld |
| 10h50 | Over de Voor I | vs Vishuis I | UV A - veld |
| 08h40 | Klooster 3 | vs De Wet 3 | Veld 3 |
| 09h45 | Ama-Villa 2 | vs Hertzog 2 | Veld 3 |
| 10h50 | Drakenstein I | vs De Wet I | Veld 3 |
| 08h30 | Caput 3 | vs Verwoerd 2 | Veld 4 |
| 09h35 | o/20 A | vs Verwoerd I | Veld 4 |
| 10h50 | Hombré I | vs Malherbe I | Veld 4 |
| 08h40 | Drakenstein 3 | vs Reitz 3 | Veld 5 |
| 09h45 | Over de Voor 2 | vs Reitz 2 | Veld 2 |
| 10h50 | Ama-villa I | vs Reitz I | Veld 5 |
| 08h40 | Hombré 3 | vs Malherbe 2 | Veld 2 |
| 09h45 | Dawie Dup 2 | vs Olienhout2 | Veld 2 |
| 10h50 | Dawie Dup I | vs Olienhout I | Veld 6 |
| 08h40 | Klooster 2 | vs Stad 2 | Veld 7 |
| 09h45 | Drakenstein 2 | vs Kiepersol2 | Veld 7 |
| 10h50 | Caput 2 | vs Kiepersol I | Veld 7 |
| 09h45 | Hombré 2 | vs Karee 2 | Veld 8 |
| 10h50 | Vaalrivier Tak | vs Karee I | Veld 8 |

| | | |
|---|---|---|
| 10h00 | Toutrek | - Tussen no 3 en 4 Rugbyvelde |
| 10h30 | Dameslandloop | - By hokkievelde |
| 11h00 | Manslandloop | - By hokkievelde |
| 12h30 | o/20 Rugby | - Vrystaatstadion |
| 14h10 | Ibbies | - Vrystaatstadion |
| 15h40 | Heildronk | - Trompoppies |
| 16h00 | Eerstespanne | - Vrystaatstadion |
| 18h00 | Onthaal | - A K Volsteedsaal Vrystaatstadion (Slegs op uitnodiging) |
| 19h00 | Vermaak en Ontspanning | - Studentesentrum |
| 23h00 | Busse vertrek | - Studentesentrum |



*Prof. J.S. du Plessis*

## *Van die Vise-Rektor se skryftafel*

**Pukke, ons gaan die naweek van 18 Augustus Bloemfontein toe om intervarsity te gaan hou. Ons gaan dan die akademie en alles wat daarmee saamhang vergeet maar ons gaan nie vergeet dat ons lede van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is nie!**

Aan almal wat ons op die sportvelde gaan verteenwoordig: almal langs die velde en op die pawiljoen se oë is op julle gevestig en ons koester groot verwagtinge van julle!

Aan almal langs die velde en op die pawiljoen: - al die spanne en al die spelers maak staat op julle hartlike en volgehoue ondersteuning en aanmoediging!

En wanneer ons nou so in 'n massa tussen hier en Bloemfontein beweeg en daar optree, laat ons dit waardig ons Universiteit doen: met groot vreugde en studente-uitbundigheid,
maar beheersd, sober en in 'n gees van vriendskap ooreenkomstig die Christelike en Afrikaanse grondslag en karakter van ons Universiteit.

'n Voorspoedige en veilige reis heen en veral weer word almal toegebid, en mag die intervarsity baie geslaagd wees.

Ons sien mekaar in Bloemfontein!

(Prof.) J.S. du Plessis
Vise-Rektor

## *Sportraads-Voorsitter*

**Intervarsity is een van die hoogtepunte in elke student se lewe - indien nie dié hoogtepunt nie. Om 'n Intervarsity te beleef is om die wese van studentwees te beleef.**

Die Intervarsity teen Kovsies, ons tradisionele "vyande", is die hoogtepunt van die jaar se sportgebeure en dit span die kroon op 'n seisoen se harde oefening en voorbereiding.

Mag die spel in 'n egte tradisionele Intervarsity-gees gespeel word - hard maar eerlik - en mag die beste span wen.

Mag hierdie Intervarsity help om die goeie verhoudinge en noue bande tussen UOVS en die PU te versterk en mag sport opsigself seëvier.

**STEINMAN DE BRUYN**



*Moira de Villiers - PU-sjampanjenooi. (Foto: Paul Slot).*

## *SSR-Voorsitter*

**Die Pukke val weer eens Kovsieland binne om een van daardie groot gebeurtenisse in 'n student se lewe te "laat gebeur" - INTERVARSITY! En dan is spesifiek 'n Intervarsity teen die Kovsies 'n belewenis - veral as daar soveel op die spel is.**

Mag die Intervarsity van 1978 soveel opwinding as alle vorige Intervarsities saam inhou - en mag die uitslag nie veel anders as sommer net 1977 s'n wees nie!

Geniet dit,
Puk-groete

THEUNS ELOFF

## *Hoofdirigent PU vir CHO*

**Soos almal weet is my liefde vir die Kovsies, haatdraend, agterdogtig en weersinwekkend, en my liefde vir Wouter Geldenhuys (Kovsies rasieleier) is nog minder. Waar het jy gesien 'n tweebeenskaap kan 'n rasieleier wees? Ek glo ál die Pukke voel net soos ek.**

Van een ding is ek seker, as ou Wouter (vroulike vorm van kabouter), daar voor die "trop" Kovsies staan, hy geen ordentlike woord sal kan uiter nie. Hy sal so verbouereerd wees soos 'n muskiet in 'n nudiste kamp.

Aan almal, geniet die Intervarsity en laat ons aan die einde met 'n lekker, studentehart uitmekaar gaan.

DAWIE KRIEL

## *Kaptein PU*

**Intervarsity bly steeds 'n gebeurtenis waarna elke PUK-student en veral die PUK-rugbyspeler uitsien.**

Die Intervarsity van 19 Augustus 1978 behoort weer eens 'n hoogtepunt te wees. Beide eerstespanne beskik oor etlike provinsiale spelers en selfs Springbokke aan die Shimlakant.

Die Pukke besef dat Kovsies 'n baie sterk span is en dat elke speler alléén sy allerbeste sal moet lewer.

Aan al die PUKKE wens ek 'n aangename Intervarsity toe. Alle sukses aan die Kovsies. Laat sportmanskap seëvier en mag die beste span wen.

JAMES STOFBERG

HUIS EN TUIN

Die winkel vir die student

SPESIALE DIENSTE

Haardroeërs teen R7,95
Droogskoonmaak

BAIE SPESIALE PRYSE!!

Maison Hazelette
„UNISEX" HAARKAPPERS
SPESIALISTE IN HAARSNY, PERMANENTE GOLWING, „HIGHLIGHTS"
SPESIALE STUDENTEPRYS



ANTONIO
RIKKI
JENNY
DOLLY

TEL. 5570
OWENSLAAN 4
OORKANT CHECKERS (UIT KERKSTR.)

# *Só is daar gestem*

## VOORSITTER



*Theuns Eloff.*

## ADJUNK-VOORSITTER



*Jan Louis du Plooy.*

## AKADEMIESE RAAD



*Mario Pretorius.*



*André vd Walt.*

## ADMINISTRATIEWE RAAD



*Leenster Pasch.*



*Anne-Marie Jacobs.*

## KORPSRAAD



*Jan Botha.*



*Petri de Kock.*

## KOSHUISRAAD



*Magdel vd Walt.*



*Daan de Kock.*

## KULTUURRAAD



*Adriaan vd Walt.*



*Piet Joubert.*

## SPORTRAAD



*Steinman de Bruyn.*



*Gert Breed.*

## POLITIESE RAAD



*Frits Eloff.*



*Douw Breed.*

UIT
NO. 13

# *Johan le Roux antwoord*

Geagte Redakteur

Dankie vir die geleentheid wat my gegun word om enkele opmerkings te maak as antwoord op die reaksiebriewe op my artikel oor dans in DIE WAPAD van 16 Junie.

Ek wil graag ook 'n woord van dank rig aan diegene wat op my artikel gereageer het. Dat my artikel redelik skerp bewoord is, besef ek, maar die bedoeling was nie om iemand te beledig, soos een van die skrywers sê nie. Daarom bied ek my verskoning aan aan die beledigdes.

As gevolg van beperkte ruimte kan ek nie volledig breedvoerige kommentaar lewer nie; daarom lig ek slegs enkele sake uit.

Wat my opgeval het van al vier skrywers, en daar lê die groot verskilpunt in my en hulle sienings, is dat hulle nie prinsipieel redeneer nie, maar vanuit die situasie. Daar is dus by hulle almal, in meerdere of mindere mate, spore van 'n situasie-etiek – hiervolgens is die situasie altyd die deurslaggewende faktor. Dit kan tog nie Skriftuurlik begrond word nie. Ek het probeer om prinsipieel te redeneer, dit wil sê, met my vertrekpunt nie vanuit die situasie nie, maar vanuit die Bybel. In 1 Thes. 5:21 kry ons die opdrag: "Beproef alle dinge; behou die goeie" dit wil sê toets alles aan die Heilige Skrif en behou dit wat die toets deurstaan; behou dit wat in diens staan van die liefde tot God en die liefde tot die naaste. Ek is honderd persent daarvan oortuig dat die moderne danse NIE die toets van die Skrif kan deurstaan nie!

Met die een groot verskilpunt dan gedefinieer, wil ek baie kortliks en fragmentaries aandag gee aan enkele sake uit die briewe:

● Primitiewe kulture is en was nog nooit normatief nie.

● Dans as die blote ritmiese beweging op die maat van musiek is as sodanig nie verkeerd nie. Dit het ek tog baie duidelik gestel in my artikel. Maar as dit al is wat in dans gesoek word, hoekom is die danskampvegters dan nie tevrede met volkspele nie – of soek hulle dalk onbewustelik 'n ietsie meer in dans as blote ritmiese bewegings?

● Die fisiese roepe na algehele seksuele bevrediging sal nooit verdwyn nie – heeltemal korrek, maar as die dansbaan verdwyn, verdwyn die hoerery- en egbreuk aspek wat ek in my artikel genoem het.

● Ek sê nie dat die Oosterling moderne danse mag doen omdat hy van nature spontaan is nie. Die skrywer wat van mening is dat dit is wat ek sê moet gerus weer lees wat ek geskryf het. Die Oosterling het spontaan gedans as uiting van sy blydskap oor 'n spesifieke gebeurtenis.

● Een van die skrywers sluit sy brief soos volg af: "Laat ons tog asseblief ophou om belaglik te wees". Uit dit wat hierdie opmerking voorafgaan, maak ek die afleiding dat hy bedoel dat diegene wat onder andere oor dans "stry", "belaglik" is. Ek wonder of hy besef dat hy self die een is wat stry! Dit is immers hy wat die status quo wil verander.

● As 'n mens self dan sogenaamd "voor die aangesig van die Here" dans, hoe naïef moet hy tog nie wees nie om nie te sien wat rondom hom op die dansbaan aangaan nie! As sekere bewegings van die heupe (en van die hele liggaam) nie suggestief is nie, wat is dan suggestief?

● Die een skrywer trek SELF sekere inkonsekwente konklusies en noem my argumente dan absurd. Ek kan ongelukkig nie vader staan vir sy absurditeite nie.

● Die woord "seks" kom nie in my artikel voor, soos beweer word nie. Wel die bywoord "seksueel". As die skrywer nie van die woord hou nie, kan hy dit gerus met 'n sinoniem vervang.

● Ek waardeer dit dat die een skrywer darem my standpunt respekteer, maar hy bevraagteken die sekerheid van my feite. Ek wil hom die versekering gee dat ek honderd persent seker is van my feite.

● Aan die skryfster wat my 'n dogter toewens wil ek sê: baie dankie – dit sal die tweede een wees daar ek reeds "'n vader met 'n mooi dogter" is. Die skryfster stel my darem voor 'n baie onregverdige keuse. Ek sal my dogter (as sy eers groot genoeg is vir sleepaksies) saam met die ordentlike ou na die "bier-en-braai" laat gaan. Ek wonder wat die skryfster se ma sou sê as sy dit te hore moes kom dat haar dogter saam met 'n "drinkbroer" na 'n dansparty gaan.

● Aan die skrywer wat homself op vermetele wyse op gelyke vlak met die Bybel stel, wil ek sê dat ek nie die Bybel hoef "by te sleep" nie. Die Bybel is by alles betrokke en hoef nêrens "bygesleep" te word nie. Ons hele lewe moet tog ooreenkomstig God se Woord ingeruim word. (Ek het gewonder of die skrywer dalk nog 'n eerstejaar is).

Na my beste wete het al drie Afrikaanse kerke sinode-besluite teen dans. As 'n mens dan besware het teen die amptelike standpunt van jou kerk, is die regte manier nie om reg in eie hande te neem en maar te dans nie; daar moet langs die regte kanale besware teen die besluit ingebring word en tot tyd en wyl die besluit gewysig is, moet mens jou aan die staande besluit onderwerp, anders is jy dalk tugwaardig.

Ek wil dit weer beklemtoon dat die gelowige na liggaam en siel 'n tempel is van die Heilige Gees, d.w.s. die Heilige Gees woon binne-in die gelowige (1 Kor. 6). As hy gaan dans, is die Heilige Gees steeds in hom. Kan ons werklik, met die wete dat die Heilige Gees in ons woon, gaan dans en dan nog sogenaamd 'n skoon gewete voor God hê? Kan moderne danse in diens staan van die Koninkryk van God? Kan dit tot diens wees van my persoonlike gemeenskap met God?

Moet geen illusies hê nie – die gelowige is nie gevrywaar van versoekinge omdat die Heilige Gees in hom inwoon nie – inteendeel, hy is juis die teiken van die Satan. Roem daarom saam met die apostel Paulus in jou swakhede, dit wil sê besef dat jy baie maklik voor versoekinge kan swig, en wees dan sterk in die Here (II Kor. 12:9,10) deur voluit volgens sý wil op te tree. Dien die Here met blydskap en bly weg van die dansbaan met al sy versoekinge!

JOHANN LE ROUX

# *Dansers stry verlore stryd*

Geagte Redakteur,

Dit is amper lagwekkend om al die kleinlike argumente oor dans aan te hoor en daarvan te lees. Graag lug ek my mening wat hopelik 'n klompie lesers tot nadenke gaan stem.

Dit gaan hier om iets veel groters as bloot om 'n klompie kleinlike argumente in pragtige woorde te formuleer sodat ons onsself tevolle kan gaan geniet want "ag, die PUK bied geen ontspanning nie." Dit gaan hier om die stryd tussen God en Satan. En ons is besig om die krag van Satan in hierdie stryd te onderskat.

Baie van ons is besig om onsself te bluf met ons godsdiens. Ons noem onsself Christene (baie van ons gaan selfs twee keer op 'n Sondag kerk toe) en onder hierdie status wat ons vir onsself aangeneem het, kan ons gaan dans en onsself geniet. Pary kry dit selfs reg om tot die eer van God te dans! Mense, is dit nie een van Satan se briljante planne om 'n wig in te dryf tussen God en sy kinders nie?

'n Christen lewe elke dag, elke oomblik in stryd met Satan. Want dis waar Satan se aanslae mos die sterkste is! Hy gaan hom nie by sy volgelinge bepaal nie, want hulle is dan klaar vir hom gewen. Hy gaan juis met alle mag optrek teen die kind van God. En behoort elkeen van ons nie bekommerd te voel as ons daardie stryd nie na wese aanvoel nie? Juis, want Satan maak ons gerus!

Kan ons hierdie stryd teen Satan op die dansbaan voortsit?

Laat elkeen van ons eers ons verhouding tot God in oënskou gaan neem en as ons dan eendag voor God se regterstoel kan staan en met alle eerlikheid kan sê: "Ons het gedans, maar tot eer van God", dan kan ons dans, maar ek betwyfel dit sterk of ons met alle eerlikheid kan dans in die wete dan ons nie besig is om ons eie of dalk 'n swakker geloofsgenoot se bande met God te verbreek nie.

Paulus het gesê dat as mens dink jy is sterk, dan is jy op jou swakste, maar wanneer jy dink jy is swak, dan is jy op jou sterkste! Is ons nie besig om ons eie krag teen die mag van Satan te hoog te skat nie?

HANSIE VERMEULEN

# *Pukke steel asters*

Geagte Redakteur,

Hiermee wil ek graag 'n saak aanroer waaroor baie inwoners van Potchefstroom ongelukkig voel. Dit is naamlik die feit dat sekere studente van die PU vir CHO blykbaar onder die waan verkeer dat blomme wat inwoners van die dorp in hul tuine kweek, die besit van studente is.

Dit is algemene kennis dat daar gereeld strooptogte in tuine deur sommige studente onderneem word. Blykbaar is hierdie studente nie bewus van die feit dat dit 'n baie ernstige oortreding is om blomme, wat terloops ook privaatbesit kan wees, uit tuine te steel nie. Ek ag dit my plig om hierdie studente in te lig dat die saak met die plaaslike owerhede opgeneem is en dat oortreders baie ernstig gestraf sal word aangesien diefstal as 'n kriminele misdaad beskou word.

Ek wil verder ook onder hierdie studente se aandag bring dat daar altesaam vyf blomwinkels in die dorp is. By hulle kan die studente 'n pragtige bos blomme vir die meisies gaan koop sonder om al die gevare van die donker nag en die bedreiging van die polisie te trotseer. (Al koop julle jul blomme by 'n blomwinkel is jul meisies nog dink julle is dapper ridders, ek beloof julle!)

Dus, hiermee is die saak afgehandel, wees daarom voorbereid op die ergste en probeer asseblief om nie ons Universiteit se naam te skaad deur sulke onnodige dade nie.

WYNAND DU PLESSIS

# DIE VVO IN SUIDWES?

deur Manie Meyer

**Met die koms van die spesiale verteenwoordiger van die Sekretaris-generaal in Suidwes, het die politiek rondom daardie gebied 'n nuwe internasionale dimensie betree.**

Dit is egter uniek aan hierdie situasie dat VVO-Afrikanerverhouding nou ryp geword het. Vir jare lank is daar 'n woordestryd in die wêrelddebatte gevoer, maar nou is daar 'n konkrete verhouding, en die uitslag en die loop daarvan is nie net interessant nie, maar ook lewensbelangrik.

Mnr. Arthisarri het na Suidwes gekom om te luister, te kyk en verslag te doen. Die kontak wat reeds met Blankes, en veral met Afrikaners, gemaak is, sal hierin kortliks onder oë geplaas word. Dit is logies dat die skrywer binne-informasie kortkom en oor die werklike bespreking geen opinniebespreking gewaag kan word nie, maar die saak sal op die vel-af benader kan word.

Die VVO-afvaardiging het eerstens met die Administrateur-Generaal, regter M.T. Steyn, kennis gemaak. Hierna het die politieke groepe gevolg: NNF, onderleiding van Brian O'Linn en DTA onder mnr. Dirk Mudge. Die militêre afvaardiging het dan ook kontak met genl.-maj. Geldenhuys gehad. Na aanleiding van die reaksie of gebrek daaraan deur mnr. Arthisarri kan ten minste gesê word dat daar by die VVO stof tot nadenke moet bestaan, en dat die VVO ten opsigte van hierdie mense sy Blanke en Afrikaner sekerlik aan sy praktiese ondervinding sal moet meet, is verseker.

Aktur se optrede is egter half-tragies half-lagwekkend; in hierdie verband moet daar klem gelê word op die val van die Blanke in die Afrika-situasie. 'n Ivoortoring-houding en formalisme is nie net onsinnig nie, dit is ook Blanke-verraad.

Die val van die Blanke in Suidwes kan soos volg omskryf word; Dit is van kardinale belang dat die Blanke in die samelewing nie gereduseer word tot 'n blote ekonomiese faktor nie; hy moet 'n kragdadige draer van regte wees en bly. Hierdie vereiste roep om optrede wat dinamies is en van selfoortuiging en integriteit spreek.

Die VVO is nou in Suidwes, en dit is nou van belang dat die Blanke Suidwester dit die afvaardiging op die hart vry dat die Blanke van hulle verwag, en ook daarop geregtig is, dat die belange van die Blanke as minderheidsgroep in ag geneem moet word, en dat die Blanke hulle aan daardie plig sal hou.

Die duidelike bedoeling dat die blanke sal werk en veg vir sy reg en dit wat hom regmatig toekom, sal nie net die VVO op sy tone hou nie, maar ook die nodige versekering aan ander Swart groepe gee dat in die Blanke 'n sterk en betroubare bondgenoot gevind kan word. 'n Organisasie wat egter hierdie dinamiek ontbreek, het in die Suidwes-konteks nie bestaansreg nie want hy los die Blanke se regte op die ashoop.

Die Blanke moet dan onthou dat die VVO nie soos die goeie slaaf na hom sal kom om sy regte te handhaaf nie, die Blanke sal sy aandag daarop moet hou.

Die Administrateur-Generaal, die DTA en hopelik die NNF het hom goed van hierdie taak gekwyt. Aktur wag nog vir beter dae en formele uitnodigings. Hopelik het die ander groepe darem daarin geslaag om die Blanke en ander minderheidsgroepe se belange behoorlik deur die VVO oorweeg te kry met die opstel van die progrma wat voorgelê moet word. Aktur moet egter baie vinnig besin of hy daar is om die Blanke se belange saam met dié van ander minderheidsgroepe te wil behartig, en of hy 'n formele organisasie wil word. Suidwes kan nie fossiele bekostig nie.

# *Aansoeke stroom in – Spring!!!*

**Heelwat poste sal op die nuwe redaksie beskikbaar wees. Die nuwe redaksie sal eersdaags aangestel word en begin funksioneer.**

Die volgende poste sal beskikbaar wees:

NUUSREDAKTEUR, twee assistent-nuusredakteurs en agt verslaggewers.

INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR, een inter-universitêre assistent-redakteur en vier verslaggewers.

RAADSREDAKTEUR, een assistent-raadsredakteur en 'n verslaggewer op elke raad

DIEPTEARTIKELSREDAKTEUR en een assistent-diepteartikelsredakteur

KUNSREDAKTEUR, een assistent-kunsredakteur en vier verslaggewers

DAMESBLADREDAKTRISE, een assistent-damesbladredaktrise en vier verslaggeefsters.

KOSHUISREDAKTEUR, twee assistent-koshuisredakteurs (een dame vir dameskoshuise en een man vir manskoshuise) een verslaggewer uit elke koshuis

SPORTREDAKTEUR, twee assistent-sportredakteurs (een dame vir damessport en een man vir manssport) en agt verslaggewers

VAALDRIEHOEKREDAKTEUR en gekoöpteerde lede

FOTOREDAKTEUR, een assistent-fotoredakteur en agt fotograwe

TEGNIESE REDAKTEUR, een assistent-tegniese redakteur en 12 bladversorgers

VERSPREIDINGSREDAKTEUR, een assistent-verspreidingredakteur en agt verspreiders

OPLEIDINGSREDAKTEUR, SEKRETARIS, PENNINGMEESTER, SPOTPRENTEKENAAR, REKLAMEBESTUURDER.

Aansoekvorms moet vergesel wees van die volgende inligting: naam, adres, ondervinding en die pos waarvoor aansoek gedoen word.

'n Keurkomitee sal onderhoude voer met alle aansoekers en onmiddelik ná goedkeuring deur die Administratiewe Raad, sal die redaksie begin funksioneer.

Die ou redaksie sal die nuwe redaksie vir 'n paar uitgawes behulpsaam wees voordat hulle selfstandig oorneem.

Dames en mans kan vir enige pos aansoek doen.

# Dames en Kuns

## 'N BLOEISEL – MOOI JY!



**Wees gewaarsku! – jy kan nie langer wegkruip in jou dikste winterjas en laarse nie, want so tussen die Augustuswinde en stof-van-jou-vensterbank-afvee is die lente uiteindelik hier! Kyk maar na die eetbaar-mooie pienk en wit bloeisels en die voorste punte van die wilgerbome!**

**Dit beteken natuurlik die volgende:**
**& dat jou pa se rekening by die plaaslike klerewinkels met 'n ongekende spoed benut word (want dis absoluut onmoontlik om verlede jaar se somerklere te dra!)**
**& dat jy vreesbevange elke Maandagoggend begin met 'n drastiese kitsdieet wat jou kamermaat (wat dieetkunde swot) rééds afgekeur het**
**& dat jy loseer by die plaaslike saunabad**
**& die ander wanpraktyke noem ons nie eers nie!**

**Maar die prentjie hoef nie so duister te wees nie: daar is meer normale en gebalanseerde maniere om jou slaggereed te kry vir die somer. Begin by jou gesig: wanneer laas het jy 'n gesonde tuisgemaakte masker op jou gewese winter gesig gehad? Hier volg 'n paar:**

● **'n Voedende masker**
Meng 'n eier met 'n bietjie amandelolie en voeg 'n knippie boorpoeier en 'n paar druppels suurlemoensap by. Smeer dit egalig oor jou gesig en rus vyftien minute lank. Spoel af met warm water en spat jou gesig daarna met koue water.

● **'n Stimulerende masker**
Klits een eetlepel vol papgedrukte aarbeie saam met een eetlepel suur room en die wit van 'n eier tot dit skuimerig is. Smeer aan en was dit na 30 minute af met lou water.

● **'n Vetterige vel**
Hierdie veltipe is versot op 'n masker wat bestaan uit gerasperde appel, suurlemoen- en lemoensap. Verwyder die masker na twintig minute.

● **'n Droë vel**
Meng fyngedrukte piesangs en gelkopte room en smeer aan jou gesig. Laat dit vir twintig minute aan jou gesig.

Voor 'n groot aand kan jy gerus twee reeds-gebruikte teesakkies op jou oë sit en ontspan vir vyftien minute. Hy sal sy oë nie kan glo nie!

Begin bietjie vir bietjie jou vel gereed maak vir Desembermaand se strande – moenie op een slag te veel brand nie! Die blase is nie die moeite werd nie!

Bekyk jouself krities in die spieël as jou kamermaat gou badkamer toe is en besluit of dit nou net maag- of heupoefeninge ook gaan wees!

Versorg jou voete 'n slag deeglik – onthou die somer sandale is oop!

Hou by min grimering – die natuurlike voorkoms bly 'n treffer! Moenie op 'n Vrydagmiddag as jy niks het om te doen nou maar gaan klere koop nie; beplan eers jou kleurskema en hou maar by rompe en bloeses: dis soveel meer ekonomies.

Ten laaste is dit 'n absolute moet dat jy iets mals moet doen om die lente te vier! Wat van 'n nuwe sleep of 'n nuwe klein Mazda? of vir dié sonder geld – wat van:
– jy en hy en 'n bottel koue wit wyn en 'n arm vol peerbloeisels of – jy alleen en 'n goud-geel affodil en Chopin?

Geniet die skugter-groen, gelukkig-wees seisoen!






*Henk Wÿbenga as "The teacher" in "The Pedagogue". Die sjordé is in die foyer van die Kleinteater van die Departement Spraakleer en Drama aangebied, van 14 tot 18 Augustus 1978.*

*(Foto: C.F. Schoeman.)*

## Pierre en Martie stal uit

**GALERY: Uitstallokaal van die Potchefstroomse Museum.**
**KUNSTENAARS: Pierre Minnie en Marthie Wannenburg.**

'n Uitstalling van olieverfskilderye, grafiese werk en monotipes deur Pierre Minnie en Marthie Wannenburg is op Vrydagaand 11 Augustus deur Titia Ballot in die Potchefstroomse Museum geopen. Nagenoeg honderd mense het die openingsaand van hierdie eerste wisselende uitstalling in die netjiese, goedbeplande lokaal bygewoon.

Die twee jong kunstenaars, albei finalejaarstudente in skilderkuns aan die Puk, lewer verrassende betrokke werk. By albei is daar 'n besondere bekommerdheid oor die mens en sy verhouding tot sy samelewing op te merk. Onbeskroomde emosie, getemper deur intense belewing en 'n sterk aanvoeling vir dissipline kenmerk hulle werk.

Dit is verblydend om by twee jong kunstenaars sulke sekere werk aan te tref. Dis duidelik dat hulle nie meer soek na eie vormtaal nie, maar reeds eie stemme gevind het en nie huiwer om sterk tot hulle publiek te spreek nie. Hoewel daar by veral mej. Wannenburg dikwels herhaling van temas in verskillende werke aangetref word, is die hantering by elke skildery verfrissend nuut. Opvallend is ook die produktiwiteit van die kunstenaars. Ruim tagtig persent van die werke op die uitstalling is vanjaar voltooi.

Dankie aan die Potchefstroomse Museum vir hulle versiendheid om jong kunstenaars te help deur die beskikbaarstelling van 'n goeie lokaal. Geluk aan die dept. Beeldende Kunste wat met die eerlike werk van hierdie twee kunstenaars 'n volwassenheid bereik wat veel goeds vir die toekoms voorspel.

**Henk Wÿbenga.**



*Van links na regs: Martie Wannenburg, Mev Titia Ballot en Pierre Minnie afgeneem tydens die opening van die kunsuitstalling. (Foto: C.F. Schoeman.)*

## DIE KNEG VAN TWEE MEESTERS

**Om 'n eerstejaarsstuk aan te pak is altyd 'n waagstuk. Die akteurs is soms oorgretig en tog onervare, maar onder die bekwame hande van Elize Scheepers was "Kneg van twee meesters" 'n uiters geslaagde eerstejaarsproduksie.**

Die ontspanne komiede atmosfeer was reeds opmerklik by die voorafopwarming. Die agtergrond wat deur Gerrit Schoonhoven gegee is was geslaagd alhoewel dit soms te vinnig was. Die kykie in die kleedkamers kon meer deur die akteurs benut word.

Wat die spel van die eerstejaars betref, is dit veral Elize Venter wat beïndruk as Pantalone. Met haar natuurlike gesigsuitdrukkings en liggaamhouding was sy kostelik. Tog het haar spraak soms oordrewe voorgekom. Ook kan die naam van Gerrit Schoonhoven nie weggelaat word nie: sy natuurlike aanvoeling vir die verhoog en karakter het dit maklik gemaak om na te luister. Sy liggaamshoudinge is pragtig geïntregeer in sy karakter.

Adelé de Wet moet ook genoem word met haar gelispel: sy het haar man/meisierol oortuigend vertolk. So ook Jaques van der Merwe wat die rol van Dokter Lombardi vertolk het: die padgee van die knieë was uiters komies. Die hakkelspraak het Nadina Kleynhans kostelik hanteer, die grootogige Marisa Esterhuizen wat Smeradina vertolk kon nie misgekyk word nie. As Truffeldina se poedelinkie was sy uiters geslaagd.

Vir 'n eerstejaarsaanbieding was dit 'n genoeglike aand en beslis die moeite werd om deur te bring.

## POËSIEKOMPETISIE UITSLAE

**Graag kondig die Wapad, in samewerking met die Skrywerskring, die uitslae van die Poësiekompetisie aan!**

Die eerste prys van R50,-00, wat deur Tafelberg-uitgewers geskenk is, is gedeel deur Ina Pretorius en Rudolph Willemse.

Die vier troospryse van R10,00 elk, is gewen deur Magriet Ueckermann, Réneé Purén, Johan Myburg en Daleen Kruger.

Die drie beoordelaars, Prof T.T. Cloete, Mnr Jan Swanepoel en Mev Netta Schutte, het die 76 gedigte van die 23 deelnemers beoordeel, en volgens hulle was dit geen maklike taak om die wenners aan te wys nie.

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het, en BAIE GELUK aan die wenners!!!

**Die Alkoholis**

dit reën: hy staan
keps op die kop: prop op die dop

mens moet 'n anker hê:
sy krom tone
kruip die aarde in
– op soek na 'n kroeg –
hy skiet dus wortel:
sy bene is stamme
sy arms is takke
en sy kop
'n vrug
van die skrywer
se verbeelding
hy kan dus nie
op
sy kop
staan nie:

hy is gewortel aan die aarde

**Rudolph Willemse**
*(Een van die wengedigte)*

# Kovsies nie onoorwinlik

**Die o/20 rugbyspan van die Kovsies wat die onlangse SAU-toernooi gewen het is nie onoorwinlik nie.**

Die sterbelaaide span kan direk agter die skrum moeilikheid kry aangesien die skrumskakel, Pieter van Abel, baie wankelrig onder druk speel. As die Pukke dit vir hom hier moeilik maak, sal die uiters gevaarlike agterlyn van die Kovsies nie kans kry om na hartelus met die bal te hardloop nie.

Die Kovsies beskik agterlangs oor vier SAU onder 20 spelers. Mnr. Piet Brand, afrigter van die jong span sal by die lynstane plan moet maak om te verseker dat genoeg, baie balbesit aan die agterlyn gegee word.

Die jong span se groot probleem lê daarin dat van sy sleutelspelers nie vir die span beskikbaar sal wees nie aangesien Zillen Roos, Kobus van Wyk, Nic Nortje en miskien Michael Carliste vir die eerstespan sal opdraf. Verder is Pieter Condor, die agsteman, beseer en sal ook hy nie beskikbaar wees nie.

Die span kry nie geleentheid om baie saam te speel nie as gevolg van beserings, spelers wat gekies is vir die S.A.U. span en ook die Wes-Transvaalse onder 20 span reëlings.

Nieteenstaande die feite, sal die jong span hard veg om verlede jaar se nederlaag te wreek.

Die moontlike PU span lyk so:

Heelagter: Christo Grobler
Vleuels: Johan Fourie
Freddie Schutte
Senters: Paul Coetzer
Michael Carliste
Losskakel: Loutjie van der Walt
Skrumskakel: H. Seyffert
Loskopstut: Org Dannhauser
Haker: Elmar Kirsten
Vasskop: Quentin Campbell
Slotte: Albert van der Merwe
Theo van Wyk
Flanke:
Japie van Rensburg (kaptein)
Baren Kirsten (Jan Steenkamp)
Agsteman: Piet Condor (Jan Henning)



*James Stoffberg, die afrigter/kaptein van die PU wat hierdie Intervarsity langs die kantlyn moet sit.*



*Mnr. Piet Brand - die man met die brein agter die jongspan.*



*Die trots van die PU - op die vyftien-man wag daar Saterdag 'n grootse taak.*

# PU SKERM

**Die afgelope vakansie het die PU skermklub deelgeneem aan die SAU toernooi wat in Grahamstad aangebied was.**

Daar het tien damesspanne en elf mansspanne deelgeneem, wat verteenwoordigend was van al die Universiteite deur die land.

Die Pukke is verteenwoordig deur een damesspan en een mansspan. Die dames het 7de geëindig en die mans 9de. As in ag geneem word, dat dit die eerste keer in vyf jaar is wat 'n mansspan deelneem, dan het die Pukke goed gevaar. Een van die dames, Ria van der Walt het deurgedring na die semi-finale rondte. Verlede Saterdag die 5de Augustus het die Pukke teen Sasolburg skolespan deelgeneem. Die Pukke het 'n groot oorwinning behaal wat bewys het hulle is slaggereed vir Intervarsity.

Die uitslae was soos volg:
Dames floret: 8 - 1
Mans floret: 13 - 3
Mans degen: 10 - 2

# SWEM

**Aan alle swemliefhebbers op die Puk, bring ons die goeie nuus dat swem weer eens 'n klub het met groot planne vir die komende seisoen. Die sukses daarvan, hang egter nóú saam met groot skaalse Pukke ondersteuning.**

Om die jaar se seisoen te open, beoog die klub om in die nabye toekoms, 'n paar keer in Johannesburg by 'n verhitte swembad, te gaan oefen.

Plaaslik, sal mnr. Charles Meyer, oud-Springbokswemmer, as afrigter optree. Daar sal dié jaar gereël word dat die minder ernstige swemmers slegs die laaste dertig minute van die oefening sal bywoon.

Die waterpolospan sal twee dae per week oefen. Die dames wat in gesinchroniseerde swem belangstel, is welkom om Mariska Spoormaker in Vergeet-my-nie, te nader.

Die klub is geaffilieer by die Wes-Transvaalse Amateur-swemunie. Alle swemmers is dus beskikbaar vir die Wes-Transvaal span. Verder is daar S.A.U. in Desembermaand te Pretoria, en Intervarsity vroeg aanstaande jaar teen Bloemfontein.

Enige navrae kan via bussie 124 by die SSR kantoor gedoen word.

# *Pasop Kovsies – hier kom die Pukke*

**Die naweek van die 19e Augustus trek die Pukke weer eens op in hul massas na Kovsieland. Die PU se muurbalspelers en speelsters sal reeds vroeg Vrydag deel hê aan die kruistog, want Vrydagaand die 18e word die muurbal alreeds beslis.**

Die muurbalspanne sal bestaan uit drie mansspanne van vyf elk en 'n damesspan bestaande uit agt speelsters. Verlede jaar het die Pukke die Kovsies verras en oortuigend die muurbal gewen.

Tydens die onlangse SAU-toernooi het die Pukke weer eens bewys dat die Kovsies sal moet uithaal as hulle wil wen.

Die Pukke is fiks en gemotiveerd en die Kovsies moet hulle maar gereed maak vir 'n taai stryd.

Pasop.!!!

# VALSKERM BOU VIER-STER

**Twee spanne van die valskermklub neem vanjaar deel aan die intervarsity, teenoor verlede jaar se vier.**

'n Junior-akkuraatheidspan sal deelneem: die springers moet in 'n afgebakende gebied van 10m land.

Die senior relatiewe-werkspan gaan 'n viermanster bou. Puntetoekenning word hier bepaal op die tyd vandat die vliegtuig verlaat is totdat 'n sterformasie verkry is.

Daar word vanaf Vrydagmiddag 13h00 op Tempi wat net langs die kampus is, gespring.

'Sky-diving' is baie afhanklik van goeie weer en die springers hoop dus dat die wind nie hulle belowende kanse in die wiele gaan ry nie. Die seniorspan het 'n baie goeie kans op 'n oorwinning omdat al vier die lede reeds aan verskeie Suid-Afrikaanse en internasionale kompetisies deelgeneem het.

"Met die nodige wind van agter en voorspoed van voor, sal ons die Pukke se naam 8 500 hoog hou!"

# *Stoeiers ken hul grepe*

**Die PU** Stoeiklub het die onderskeiding behaal om 5 lede in die gekombineerde Wes-Transvaal-Vrystaat, Sentraal Vrystaat en Noord-Vrystaat span te hê wat uit tien lede bestaan. Die gekombineerde provinsiale span het op 10 Augustus in Kroonstad teen die besoekende Switserse span gestoei en die toernooi met agt gevegte teen twee gewen.

Vier van die vyf Pukke het gewen en een het met punte verloor:

Blackie Swart klop E. Tanner met 'n val
Carel Coetzee klop J. Tanner met punte.
Sarel Olivier verloor teen M. Stasher met punte.
Marius Logtenberg klop W. Munger met 'n val.
Christie Lotterin, klop B. Jukryler met punte.

# *Sportkorrels*

## SPORTREDAKTEUR

**Intervarsity is 'n tyd in elke student se lewe waar hy elke oomblik beleef om nooit te vergeet nie.**

Hierdie Intervarsity sal geen uitsondering wees nie. Natuurlik wil ons wen – wie wil dan verloor?

Dit is 'n geleentheid vir elke student om deel te hê aan 'n sportsoort waar hy sy natuurlike talente kan beoefen en uitbou soos onse Skepper dit aan hom/haar gegee het.

Vir die wat nie self gaan deelhê in die stryd op die sportvelde nie, is daar die groot gees-bou op die pawiljoen – en wie kan dit juis beter doen as juis die Pukke nie.


Daarom trek ons in ons massas na Bloemfontein op om elke oomblik vreugdevol en in die lig van die karakter van die PU vir CHO te geniet.

Net dit – James Stoffberg, ons glo in julle en dink aan elke speler daar op die veld. Van die kant af sál ons julle elke moontlike hulp gee wat ons kan.

## SPORTPERSOONLIKHEID VAN DIE WEEK

# André Markgraaf

**Die sportpersoonlikheid van die Wapad is hierdie week, met die oog op die Intervarsity, 'n rugbyspeler.**



André Markgraaf speel die afgelope twee jaar gereeld vir die PU eerstespan en Wes-Transvaal in die slotposisie.

Gedurende die onlangse vakansie is hy vir 'n Transvaalse Vyftiental gekies om teen die Suid-Afrikaanse plattelandse A-span te speel. Kort daarna is hy vir die Gasellespan gekies.

Dié prestasie is vir hierdie hoog-reus van die Puk van groot betekenis aangesien sy naam nou in dieselfde asem as die van Gysie Pienaar en vele ander junior Springbokke genoem kan word.

In elke provinsiale wedstryde het hy meer as net sy man gestaan en word hy altyd as een van die uitblinkers in 'n swak Wes-Transvaalse span genoem. Die feit dat Moaner van Heerden, Kevin de Klerk en Louise Moolman 'n baie hoë agting vir die jong speler van die PU het, is genoeg om hom een van die sleutelspelers in die wedstryd teen die Kovsies te maak.